Wes-Kaapse Regering
Onderwys

Direktoraat: Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituut

Verwysing: 20190916-9289
Lêerno.: 12/16/4/4
Navrae: M van Wyk

Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituut-minuut: 0004/2019

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Hoofde van subdirektorate en afdelings by Hoofkantoor en distrikskantore, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Hoofde: Spesialebehoefteskoördinering en -advies, Kringbestuurders, en Vakadviseurs

Onderwerp: Aanstelling van 'n nuwe spysenieringsdiensverskaffer by die Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituut- (KOLI-) fasiliteite

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement het onlangs 'n nuwe diensverskaffer, CSG Food Solutions, met ingang van 01 Oktober 2019 aangestel vir die voorsiening en bestuur van 'n drie-jaar kontrak by die Kaapse Onderrig- en Leierskapinstituut (KOLI). CSG Food Solutions is gekontrakteer om alle maaltye en verversings aan gebruikers van die KOLI-fasiliteite te voorsien. Dit beteken dat gebruikers verplig sal wees om gebruik te maak van die ter plaatse spysenieringskontrakteur aangesien geen ander spyseniers op die terrein toegelaat sal word nie.

2. Met bevestiging van die bespreking van 'n lokaal by die KOLI, moet kostesentrumbestuurders (gebruikers) hulle spysenieringsbehoeftes direk aan CSG Food Solutions kommunikeer en 'n geldige kwotasie kry. 'n Standaard spyskaart sal aan alle gebruikers voorsien word en gebruikers sal maaltydkoeponne ontvang wat vir etes/tees, ens. verruil kan word. Aan die einde van die intervensie sal die spysenier elke gebruiker van 'n faktuur voorsien en betalings sal deur Verskaffingskettingbestuur verwerk word, soos voorgeskryf. Die ter plaatse kontrakteur kan ook opdrag gegee word om sonder enige bykomende verkrygingsprosesse, departementele spysenierings weg van die terrein af, te voorsien. Die standaard bywoningsregisters en gewaarmerkte faktures moet in alle gevalle by betalingsadviese aangeheg word.

3. Dit is van uiterste belang dat die 30-dag sperdatum vir die bespreking van die KOLI-fasiliteite (lokale) asook die bespreking vir spysenierings en die meegaande bestellingsproses nagekom word.

Nooiensfonteinweg, Kuilsrivier 7580
Tel.: +27 21 900 5026 Faks.: +27 21 900 5045
Veilige Skole: 0800 45 46 47

Privaatsak X14, Kuilsrivier, 7579
Indiensnemings- en salarisnavrae: 0861 92 33 22
www.westerncape.gov.za

4. Die verskaffingsketting benodig 'n leweringstyd van 30 dae om 'n amptelike bestelling vir spyseniering aan die diensverskaffer uit te reik. Let asseblief daarop dat GEEN spyseniering aan kostesentrumbestuurders (gebruikers) voorsien sal word sonder 'n amptelike bestellingsnommer nie. Verwys asseblief na Verkrygingsbestuur Institusionele Instruksie: 0001/2019, gedateer 27 Junie 2019, vir instruksies oor hoe om 'n amptelike bestellingsnommer te genereer.

5. Die kontakbesonderhede van CSG Food Solutions is soos volg:

   CSG Food Solutions
   Lynwoodweg 161
   Brooklyn, Pretoria
   0181
   Kontakpersoon: Me. Ilse Lategan
   Kantoortelefoonno.: 021 900 5124
   Selfoonno.: 082 577 4441
   E-pos: CTLIcatering@csgfoods.co.za

6. Ons vertrou dat ons op die volle samewerking van alle kostesentrumbestuurders (gebruikers) kan staatmaak en ons glo dat hierdie nuwe reëling deur almal verwelkom sal word en aansienlik sal bydra tot verbeterde doeltreffendheid.

7. Bring asseblief die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokkenes.

GETEKEN: PAD BEETS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR
DATUM: 2019-09-27